**MUNISIPALITEIT LEEUWDOORNSSTAD.—WYSIGING VAN REGULASIES OP DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Regulasies op die Lewering van Elektrisiteit van die Munisipaliteit Leeuwoornsstad, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 346 van 6 Mei 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Deel III deur die volgende te vervang:—

### „ DEEL III.

#### *Tarief van Gelde.*

#### 1. *Huishoudelike verbruikers.*

- (1) Hierdie tarief is van toepassing op die volgende:—
- (a) Private wonings.
  - (b) Woonstelle.
  - (c) Losieshuise.
  - (d) Liefdadigheidsinrigtings.
  - (e) Kerke en kerksale.
  - (f) Koshuise.
  - (g) Kloosters.
  - (h) Klubs en sale wat nie ingevolge die Drankwet gelisensieer is nie.
  - (i) Amateursportklubs.
  - (j) Hospitale, verpleeg- en kraaminrigtings.
  - (k) Boereverenigingsaal.

(2) Die maksimum belastingstroom word bepaal deur middel van 'n miniatuurstroombreker, aangeleë in die stroomvoerende pole van die inkomende toevoer op die munisipale meetskakelbord. Ten opsigte van die miniatuurstroombreker is die volgende aanvraaggelde betaalbaar:—

	Per maand.
	R c
(a) <i>Vir enkelfasige toevoer:—</i>	
(i) 10 ampère-miniatuurstroombreker ... ..	4 00
(ii) 30 ampère-miniatuurstroombreker ... ..	6 00
(iii) 40 ampère-miniatuurstroombreker ... ..	7 00
(iv) 50 ampère-miniatuurstroombreker ... ..	8 00
(v) 60 ampère-miniatuurstroombreker ... ..	9 00

	R c
(2) <i>Daily tickets.</i>	
Per persoon above the age of 6 years ... ..	0 10
(3) <i>Caravan and tent campers.</i>	
(a) <i>Per day.</i>	
(i) Per caravan or tent ... ..	0 60
(ii) Per caravan or tent camper above the age of 6 years ... ..	0 10
(b) <i>Per week.</i>	
(i) Per caravan or tent ... ..	2 00
(ii) Per caravan or tent camper above the age of 6 years ... ..	0 70 "
T.A.L.G. 5/69/38.	

Administrator's Notice No. 300. 20 March 1968.  
**LEEUWDOORNSSTAD MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply Regulations of the Leeuwoornsstad Municipality, published under Administrator's Notice No. 346, dated the 6th May 1953, as amended, are hereby further amended by the substitution for Part III of the following:—

### “ PART III.

#### *Tariff of Charges.*

#### 1. *Domestic consumers.*

- (1) This tariff shall apply to the following:—
- (a) Private dwellings.
  - (b) Flats.
  - (c) Boarding-houses.
  - (d) Charitable institutions.
  - (e) Churches and church halls.
  - (f) Hostels.
  - (g) Convents.
  - (h) Clubs and halls not licensed in terms of the Liquor Act.
  - (i) Amateur sports clubs.
  - (j) Hospitals, nursing and maternity homes.
  - (k) Farmers' Association Hall.

(2) The maximum load current shall be determined by means of a miniature circuit-breaker installed in the live poles of the incoming supply on the municipal metering panel. The following demand charges shall be payable in respect of the miniature circuit-breaker:—

	Per month.
	R c
(a) <i>For single-phase supply:—</i>	
(i) 10 ampere miniature circuit-breaker ... ..	4 00
(ii) 30 ampere miniature circuit-breaker ... ..	6 00
(iii) 40 ampere miniature circuit-breaker ... ..	7 00
(iv) 50 ampere miniature circuit-breaker ... ..	8 00
(v) 60 ampere miniature circuit-breaker ... ..	9 00

	Per maand. R c
<i>(b) Vir driefasige toevoer:—</i>	
(i) 5 ampère-miniaturstroombreker ... ..	3 00
(ii) 20 ampère-miniaturstroombreker ... ..	7 00
(iii) 30 ampère-miniaturstroombreker ... ..	8 00
(iv) 40 ampère-miniaturstroombreker ... ..	9 00
(v) 50 ampère-miniaturstroombreker ... ..	11 50
(vi) 60 ampère-miniaturstroombreker ... ..	13 50
(vii) 70 ampère-miniaturstroombreker ... ..	15 50
(viii) 80 ampère-miniaturstroombreker ... ..	20 00
(ix) 90 ampère-miniaturstroombreker ... ..	27 00
(x) 100 ampère-miniaturstroombreker ... ..	31 00

(3) Benewens die stroombrekergeld betaalbaar ingevolge subitem (2), is gelde vir elektrisiteit verbruik maandeliks betaalbaar teen 0.5c per eenheid.

2. Tydelike verbruikers.

(1) Maandelikse aanvraaggeld: R4.

(2) Benewens die gelde betaalbaar ingevolge subitem (1), is gelde vir elektrisiteit verbruik betaalbaar teen 5c per eenheid.

3. Waterpompe.

(1) Die maksimum belastingstroom word bepaal deur middel van 'n miniaturstroombreker, aangelê in die stroomvoerende pole van die inkomende toevoer op die munisipale meetskakelbord. Ten opsigte van die miniaturstroombreker is die volgende aanvraaggelde betaalbaar:—

	Per maand. R c
<i>(a) Vir enkelfasige toevoer:—</i>	
(i) 10 ampère-miniaturstroombreker ... ..	2 00
(ii) 20 ampère-miniaturstroombreker ... ..	3 00
<i>(b) Vir driefasige toevoer:—</i>	
10 ampère-miniaturstroombreker ... ..	3 00

(2) Benewens die stroombrekergeld betaalbaar ingevolge subitem (1), is gelde vir elektrisiteit verbruik maandeliks betaalbaar teen 0.5c per eenheid.

4. Algemene verbruikers.

(1) Hierdie tarief is van toepassing op verbruikers wat nie uitdruklik onder items 1, 2, 3 en 6 ingedeel is nie.

(2) Die maksimum belastingstroom word bepaal deur middel van 'n miniaturstroombreker, aangelê in die stroomvoerende pole van die inkomende toevoer op die munisipale meetskakelbord. Ten opsigte van die miniaturstroombreker is die volgende aanvraaggelde betaalbaar:—

	Per maand. R c
<i>(a) Vir enkelfasige toevoer:—</i>	
(i) 10 ampère-miniaturstroombreker ... ..	4 00
(ii) 20 ampère-miniaturstroombreker ... ..	8 00
(iii) 30 ampère-miniaturstroombreker ... ..	10 00
(iv) 40 ampère-miniaturstroombreker ... ..	12 00
(v) 50 ampère-miniaturstroombreker ... ..	14 00
(vi) 60 ampère-miniaturstroombreker ... ..	16 00

*(b) For three-phase supply:—*

	Per month. R c
(i) 5 ampere miniature circuit-breaker ... ..	3 00
(ii) 20 ampere miniature circuit-breaker ... ..	7 00
(iii) 30 ampere miniature circuit-breaker ... ..	8 00
(iv) 40 ampere miniature circuit-breaker ... ..	9 00
(v) 50 ampere miniature circuit-breaker ... ..	11 50
(vi) 60 ampere miniature circuit-breaker ... ..	13 50
(vii) 70 ampere miniature circuit-breaker ... ..	15 50
(viii) 80 ampere miniature circuit-breaker ... ..	20 00
(ix) 90 ampere miniature circuit-breaker ... ..	27 00
(x) 100 ampere miniature circuit-breaker ... ..	31 00

(3) Charges for electricity consumed shall, in addition to the circuit-breaker charge payable in terms of subitem (2), be payable monthly at 0.5c per unit.

2. Temporary consumers.

(1) Monthly demand charge: R4.

(2) Charges for electricity consumed shall, in addition to the charges payable in terms of subitem (1), be payable monthly at 5c per unit.

3. Water pumps.

(1) The maximum load current shall be determined by means of a miniature circuit-breaker installed in the live poles of the incoming supply on the municipal metering panel. The following demand charges shall be payable in respect of the miniature circuit-breaker:—

	Per month. R c
<i>(a) For single-phase supply:—</i>	
(i) 10 ampere miniature circuit-breaker ... ..	2 00
(ii) 20 ampere miniature circuit-breaker ... ..	3 00
<i>(b) For three-phase supply:—</i>	
10 ampere miniature circuit-breaker ... ..	3 00

(2) Charges for electricity consumed shall, in addition to the charges payable in terms of subitem (1), be payable monthly at 0.5c per unit.

4. General consumers.

(1) This tariff shall apply to consumers other than those specifically classified under items 1, 2, 3 and 6.

(2) The maximum load current shall be determined by means of a miniature circuit-breaker installed in the live poles of the incoming supply on the municipal metering panel. The following demand charges shall be payable in respect of the miniature circuit-breaker:—

	Per month. R c
<i>(a) For single-phase supply:—</i>	
(i) 10 ampere miniature circuit-breaker ... ..	4 00
(ii) 20 ampere miniature circuit-breaker ... ..	8 00
(iii) 30 ampere miniature circuit-breaker ... ..	10 00
(iv) 40 ampere miniature circuit-breaker ... ..	12 00
(v) 50 ampere miniature circuit-breaker ... ..	14 00
(vi) 60 ampere miniature circuit-breaker ... ..	16 00

Per  
maand.  
R c

(b) *Vir driefasige toevoer:—*

(i) 10 ampère-miniaturstroombreker ... ..	8 00
(ii) 20 ampère-miniaturstroombreker ... ..	16 00
(iii) 30 ampère-miniaturstroombreker ... ..	26 00
(iv) 40 ampère-miniaturstroombreker ... ..	36 00
(v) 50 ampère-miniaturstroombreker ... ..	46 00
(vi) 60 ampère-miniaturstroombreker ... ..	60 00
(vii) 70 ampère-miniaturstroombreker ... ..	65 00
(viii) 80 ampère-miniaturstroombreker ... ..	70 00
(ix) 90 ampère-miniaturstroombreker ... ..	75 00
(x) 100 ampère-miniaturstroombreker ... ..	80 00

(3) Benewens die stroombreker geld betaalbaar ingevolge subitem (2), is gelde vir elektrisiteit verbruik maandeliks betaalbaar teen 0.5c per eenheid.

5. *Bykomende aanvraaggelde.*

(1) *Twee-fasige aansluitings.* — Verbruikers ingedeel onder items 1 en 4 aan wie elektrisiteit deur middel van 'n twee-fasige aansluiting voorsien word, betaal, benewens die aanvraaggelde betaalbaar ten opsigte van enkelfasige aansluitings ingevolge items 1 en 4, 'n bykomende aanvraaggelde van R1 per maand.

(2) *Waterpompe.*—Waar die elektrisiteitsverbruik deur enige elektriese aangedrewe waterpomp gemeter word deur middel van dieselfde meter wat elektrisiteitsverbruik ingevolge items 1, 2 en 4 meter, is 'n bykomende aanvraaggelde van 50c per maand ten opsigte van sodanige waterpomp betaalbaar.

6. *Grootmaat-hoogspanningstoevoer.*

(1) Die elektrotegniese ingenieur kan na goeddunke ver eis dat 'n verbruiker met 'n maksimumaanvraag van meer as 50 kVA, sy lewering in groot maat van die hoogspanningshoofleidings af moet neem, wat deur sodanige verbruiker verlaag kan word om aan sy behoeftes te voldoen. Sodanige toevoer word teen hoogspanning gemeter.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar:—

(a) *Tot en met 'n geïnstalleerde vermoë van 250 kVA.—*

(i) Maksimumaanvraagheffings per maand per kVA, soos gemeter deur halfuurlikse maksimumaanvraagmeters: R2.

(ii) Minimum heffing betaalbaar ten opsigte van maksimumaanvraag, per maand: R300.

(iii) Benewens die gelde betaalbaar ingevolge subparagrafe (i) en (ii), is gelde vir elektrisiteit verbruik maandeliks betaalbaar teen 0.4c per eenheid.

(b) *'n Geïnstalleerde vermoë van meer as 250 kVA.—*

(i) Maksimumaanvraagheffing per maand per kVA soos gemeter deur halfuurlikse maksimumaanvraagmeters: R1.75.

(ii) Minimum heffing betaalbaar ten opsigte van maksimum aanvraag, per maand: R443.

(iii) Benewens die gelde betaalbaar ingevolge subparagrafe (i) en (ii), is gelde vir elektrisiteit verbruik maandeliks betaalbaar teen 0.4c per eenheid."

T.A.L.G. 5/36/91.

Per  
month.  
R c

(b) *For three-phase supply:—*

(i) 10 ampere miniature circuit-breaker ... ..	8 00
(ii) 20 ampere miniature circuit-breaker ... ..	16 00
(iii) 30 ampere miniature circuit-breaker ... ..	26 00
(iv) 40 ampere miniature circuit-breaker ... ..	36 00
(v) 50 ampere miniature circuit-breaker ... ..	46 00
(vi) 60 ampere miniature circuit-breaker ... ..	60 00
(vii) 70 ampere miniature circuit-breaker ... ..	65 00
(viii) 80 ampere miniature circuit-breaker ... ..	70 00
(ix) 90 ampere miniature circuit-breaker ... ..	75 00
(x) 100 ampere miniature circuit-breaker ... ..	80 00

(3) Charges for electricity consumed shall, in addition to the charges payable in terms of subitem (2), be payable monthly at 0.5c per unit.

5. *Additional demand charges.*

(1) *Two-phase connections.* — Consumers classified under items 1 and 4 to whom electricity is supplied by means of a two-phase connection shall, in addition to the demand charges payable in respect of single-phase connections in terms of items 1 and 4, pay a monthly demand charge of R1.

(2) *Water pumps.*—Where the electricity consumed by any electrically powered water pump is registered by means of the same meter registering electricity consumption in terms of items 1, 2 and 4, an additional demand charge of 50c per month in respect of such pump shall be payable.

6. *High tension bulk supply.*

(1) A consumer with a maximum demand exceeding 50 kVA, may, at the discretion of the electrical engineer, be required to take his supply from the high tension mains in bulk, to be transformed down by such consumer to suit his own requirements. Such supply shall be metered at high tension.

(2) The following charges shall be payable:—

(a) *Up to and including and installed capacity of 250 kVA.—*

(i) Monthly maximum demand charge per kVA as metered by half-hourly maximum demand meters: R2.

(ii) Minimum charge payable in respect of maximum demand, per month: R300.

(iii) Charges for electricity consumed shall, in addition to the charges payable in terms of subparagraphs (i) and (ii), be payable monthly at 0.4c per unit.

(b) *An installed capacity exceeding 250 kVA.—*

(i) Monthly maximum demand charge per kVA as metered by half-hourly maximum demand meters: R1.75.

(ii) Minimum charge payable in respect of maximum demand, per month: R443.

(iii) Charges for electricity consumed shall, in addition to the charges payable in terms of subparagraphs (i) and (ii), be payable monthly at 0.4c per unit."

T.A.L.G. 5/36/91.

Administrateurskennisgewing No. 301. 20 Maart 1968.  
**MUNISIPALITEIT DELMAS.—WYSIGING VAN ELEKTRISITEITVOORSIENINGSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitvoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Delmas, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 491 van 1 Julie 1953, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur artikel 14 deur die volgende te vervang:—

„*Depositos en betaling van Gelde.*”

14. (1) (a) Elke applikant, met die uitsondering van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, die Provinsiale Administrasie en die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, wat aansoek doen om elektrisiteitsvoorsiening, moet wanneer hy die ooreenkoms ten opsigte van die elektrisiteitsvoorsiening onderteken en voordat die elektrisiteit gelewer word, 'n bedrag deur die tesourier bepaal op die grondslag van die koste van die maksimum hoeveelheid elektrisiteit wat so 'n applikant na die mening van die tesourier moontlik gedurende enige maand in die jaar sal verbruik by die Raad deponeer; Met dien verstande dat—

(i) daar in elke geval minstens R2 (twee rand) gestort moet word;

(ii) indien die tesourier dit wenslik ag, hy kan vereis dat 'n deposito wat gebaseer is op die maksimum hoeveelheid elektrisiteit wat die applikant na sy mening moontlik gedurende enige 2 maande van die jaar mag verbruik, gestort moet word.

(b) Indien die tesourier te eniger tyd 'n verbruiker aansê om sodanige deposito te verhoog as dit nie voldoende is om die koste van die maksimum verbruik waarvan in hierdie subartikel melding gemaak word te dek nie, moet die verbruiker die addisionele bedrag wat die tesourier vereis, dadelik stort en ingeval die addisionele bedrag nie binne 1 maand betaal word nie, kan die Raad die toevoer staak.

(c) Die deposito moet aan die verbruiker terugbetaal word wanneer die ooreenkoms verval: Met dien verstande dat, ingeval die Raad se boeke aantoon dat die verbruiker 'n bedrag aan die Raad verskuldig is, die tesourier geregtig is om die hele of 'n gedeelte van die bedrag wat aldus gestort is, ter delging van dié skuld te behou.

(2) Die gelde betaalbaar vir elektrisiteit deur die Raad gelewer is aan die end van elke maand betaalbaar.”

2. Deur Deel III van die Elektrisiteitsregulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 396 van 12 Julie 1939, te skrap.

3. Deur die „Gelde vir die verbruik van elektrisiteit” deur die volgende te vervang:—

„BYLAE 3.  
*Tarief van Gelde.*”

1. *Huishoudelike verbruikers.*

(1) Hierdie tarief is van toepassing op die volgende:—  
 (a) Private woonhuise.

Administrator's Notice No. 301. 20 March 1968.  
**DELMAS MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance:—

The Electricity Supply By-laws of the Delmas Municipality, published under Administrator's Notice No. 491, dated the 1st July 1953, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for section 14 of the following:—

„*Deposits and Payments of Charges.*”

14. (1) (a) Except in the case of the Government of the Republic of South Africa, the Provincial Administration and the South African Railways and Harbours, every applicant for a supply of electricity shall, upon signing an agreement for such supply and before such supply is given, deposit with the Council a sum of money which shall be fixed by the treasurer on the basis of the cost of the maximum amount of electricity which such applicant is, in the opinion of the treasurer, likely to use during any month in the year: Provided that—

(i) in every case a sum of not less than R2 (two rand) shall be deposited;

(ii) where the treasurer deems it advisable, he may require a deposit based upon the maximum amount of electricity which, in his opinion, the applicant is likely to use during any 2 months in the year.

(b) Where at any time the treasurer gives notice to any consumer, requiring such deposit to be increased as not being sufficient to cover the cost of such maximum amount referred to in this subsection, the additional sum so required by the treasurer shall forthwith be deposited by the consumer, and in the event of such additional amount not being deposited within 1 month, the Council shall have the right to discontinue the supply.

(c) Such deposit shall be refunded to the consumer upon the termination of the agreement: Provided that in the event of any sum being shown in the Council's books as due from the consumer to the Council, the treasurer shall be entitled to set off in payment the whole or any portion of the sum so deposited against any such sum shown as due.

(2) The charges due for electricity supplied by the Council shall be payable at the end of each month.”

2. By the revocation of Part III of the Electricity Regulations, published under Administrator's Notice No. 396, dated the 12th July 1939.

3. By the substitution for the “Charges for Consumption of Electricity” of the following:—

“SCHEDULE 3.

TARIFF OF CHARGES.

1. *Domestic consumers.*

(1) This tariff shall apply to the following:—  
 (a) Private dwellings.

(b) Losieshuise of hotelle, uitgesonderd hotelle wat ingevolge die Drankwet gelisensieer is.

(c) Woonstelle.

(d) Verpleeginrigtings en hospitale.

Indien die aanvraag van hierdie tipe verbruiker te groot is om onder hierdie tariefgroep geplaas te word, word die laagste tarief ingevolge item 3 ten opsigte van sodanige verbruiker gehef.

(e) Tehuise wat deur liefdadigheidsinrigtings bestuur word.

(f) Onderwysinrigtings en koshuise.

Indien die aanvraag van hierdie tipe verbruiker te groot is om onder hierdie tariefgroep geplaas te word, word die laagste tarief ingevolge item 3 ten opsigte van sodanige verbruiker gehef.

(g) Klubs, uitgesonderd klubs was ingevolge die Drankwet gelisensieer is.

(h) Kerke en kerksale wat uitsluitlik vir openbare aanbidding gebruik word.

(i) Pomptoeestelle waar die water wat gepomp word uitsluitlik vir huishoudelike doeleindes gebruik word op persele wat ingevolge hierdie item toevoer ontvang.

(j) 'n Gebou of afsonderlike gedeelte van 'n gebou wat uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word.

(k) Plase, vir huishoudelike en boerderydoeleindes.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar:—

Groep.	Tipe voorsiening.	Vaste heffing per maand.	Eenheidsheffing per kWh.
		R c	c
(a)	50-ampèrestroombeperking, driefasig.....	3 00	1½
(b)	50-ampèrestroombeperking, enkelfasig.....	2 00	1½
(c)	30-ampèrestroombeperking, enkelfasig.....	1 20	1½
(d)	10-ampèrestroombeperking, enkelfasig.....	0 75	1½

(3) 'n Verbruiker moet skriftelik aansoek doen vir die tipe voorsiening wat hy ingevolge subitem (2) verlang. Dit bly die opsie van die Raad om 'n verbruiker se tipe voorsiening in te deel volgens sodanige verbruiker se aanvraag of werklike verbruik of albei. Die minimum tydperk waarvoor die metertoerusting vir enige tipe voorsiening aangebring word, is 12 maande. Geen verandering aan die metertoerusting om na 'n ander tarief oor te skakel, word binne die eerste 12 maande na ingebruikneming van 'n bepaalde tarief toegelaat nie, behalwe by betaling van 'n geld wat die koste van die veranderde metertoerusting dek. Sodanige geld word deur die ingenieur bepaal.

(2) *Handels-, nywerheids- en algemene verbruikers.*

(1) Hierdie tarief is van toepassing op elektrisiteit wat binne die munisipale geproklameerde dorp teen lae spanning aan die volgende verbruikers gelewer word:—

(a) Winkels.

(b) Handelshuise.

(c) Kantoorgeboue.

(d) Hotelle wat ingevolge die Drankwet gelisensieer is.

(e) Kroeë.

(f) Kafees, teekamers en restaurante.

(g) Gekombineerde winkels en teekamers.

(h) Openbare salé.

(i) Klubs wat ingevolge die Drankwet gelisensieer is.

(j) Nywerheids- of fabrieksondernemings.

(k) Geboue of gedeeltes van geboue wat 'n aantal van die indelings onder (a) tot (j) bevat en waar die verbruik ingevolge hierdie tarief afsonderlik deur die Raad gemeet word.

(b) Boarding-houses or hotels, excluding hotels licensed in terms of the Liquor Act.

(c) Flats.

(d) Nursing homes and hospitals.

If the demand for this type of consumer is too large to be classified under this tariff, such consumer shall be charged the lowest tariff in terms of item 3.

(e) Homes run by charitable institutions.

(f) Educational institutions and hostels.

If the demand of this type of consumer is too large to be classified under this tariff, such consumer shall be charged the lowest tariff in terms of item 3.

(g) Clubs, excluding clubs licensed in terms of the Liquor Act.

(h) Churches and church halls used exclusively for public worship.

(i) Pumping installations where the water pumped is exclusively used for domestic purposes on premises receiving supply in terms of this item.

(j) A building or separate part of a building exclusively used for residential purposes.

(k) Farms, for domestic and farming purposes.

(2) The following charges shall be payable:—

Group	Type of supply.	Fixed charge per month.	Unit charge per kWh.
		R c	c
(a)	50-ampere current limit, three-phase.....	3 00	1½
(b)	50-ampere current limit, single-phase.....	2 00	1½
(c)	30-ampere current limit, single-phase.....	1 20	1½
(d)	10-ampere current limit, single-phase.....	0 75	1½

(3) A consumer shall apply, in writing, for the type of supply which he requires in terms of subitem (2). It remains the option of the Council to classify such consumer according to his demand or consumption or both. The minimum period for which metering equipment for any type of supply will be installed shall be 12 months. No change to the metering equipment in order to change to a different tariff shall be permitted within the first 12 months after taking into use any specific tariff, except on payment of a charge to cover the costs of the change of the metering equipment. Such costs shall be determined by the engineer.

2. *Commercial, industrial and general consumers.*

(1) This tariff shall be applicable to electricity supplied at low tension within the municipal proclaimed township to the following consumers:—

(a) Shops.

(b) Commercial houses.

(c) Office buildings.

(d) Hotels licensed in terms of the Liquor Act.

(e) Bars.

(f) Cafés, tearooms and restaurants.

(g) Combined shops and tearooms.

(h) Public halls.

(i) Clubs licensed in terms of the Liquor Act.

(j) Industrial or manufacturing concerns.

(k) Buildings or parts of buildings containing a number of the classifications under (a) to (j) and where the consumption in terms of this tariff is metered separately by the Council.

(1) Alle ander verbruikers uitgesonderd dié wat onder ander items geklassifiseer is.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar:—

Groep.	Tipe voorsiening.	Vaste heffing per maand.	Eenheidsheffing per kWh.
		R c	c
(a)	50-ampèrestroombeperking, drie-fasig.....	6 00	1½
(b)	50-ampèrestroombeperking, enkel-fasig.....	3 00	1½
(c)	30-ampèrestroombeperking, enkel-fasig.....	1 75	1½
(d)	10-ampèrestroombeperking, enkel-fasig.....	1 00	1½

(3) 'n Verbruiker moet skriftelik aansoek doen vir die tipe voorsiening wat hy ingevolge subitem (2) verlang. Dit bly die opsie van die Raad om 'n verbruiker se tipe voorsiening in te deel volgens sodanige verbruiker se aanvraag of werklike verbruik of albei. Die minimum tydperk waarvoor die metertoerusting vir enige tipe voorsiening aangebring word, is 12 maande. Geen verandering aan die metertoerusting om na 'n ander tarief oor te skakel, word binne die eerste 12 maande na ingebruikneming van 'n bepaalde tarief toegelaat nie, behalwe by betaling van 'n geld wat die koste van die veranderde metertoerusting dek. Sodanige geld word deur die ingenieur bepaal.

3. Grootmaatverbruikers.

(1) Die Raad behou hom die reg voor om verbruikers met 'n beraamde vrag van meer as 40 kVA as grootmaatverbruikers aan te sluit, hetsy deur laagspanning of hoogspanning.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar per maand:—

(a) Grootmaatverbruikers aangesluit op laagspanning:—

(i) 'n Vaste heffing van R20; plus

(ii) 'n maksimum aanvraagheffing van—

(aa) R2 per kVA per maand gemeter oor 'n tydperk van 30 minute deur 'n kVA-meter; of

(bb) 46c per ampère per maand gemeter deur 'n ampère-meter; plus

(iii) per eenheid verbruik: ¼c.

(b) Grootmaatverbruikers aangesluit op hoogspanning:—

(i) 'n Vaste heffing van R70; plus

(ii) 'n maksimum aanvraagheffing van—

(aa) R1.50 per kVA per maand gemeter oor 'n tydperk van 30 minute deur 'n kVA-meter; of

(bb) 34½c per ampère per maand gemeter deur 'n ampère-meter; plus

(iii) per eenheid verbruik: ½c.

(c) Indien die maksimum aanvraag geregistreer vir grootmaatverbruikers ingevolge paragrawe (a) en (b) vir enige besondere maand minder is as 70 persent van die hoogste maksimum aanvraag geregistreer gedurende die voorafgaande 12 maande, word die heffing vir sodanige maand gebaseer op 70 persent van die genoemde hoogste maksimum aanvraag geregistreer gedurende die voorafgaande 12 maande.

(1) All other consumers, excluding those specified under other items.

(2) The following charges shall be payable:—

Group	Type of supply.	Fixed charge per month.	Unit charge per kWh.
		R c	c
(a)	50-ampere current limit, three-phase.....	6 00	1½
(b)	50-ampere current limit, single-phase.....	3 00	1½
(c)	30-ampere current limit, single-phase.....	1 75	1½
(d)	10-ampere current limit, single-phase.....	1 00	1½

(3) A consumer shall apply, in writing for the type of supply which he requires in terms of subitem (2). It remains the option of the Council to classify such consumer according to his demand or consumption or both. The minimum period for which metering equipment for any type of supply will be installed shall be 12 months. No change to the metering equipment in order to change to a different tariff shall be permitted within the first 12 months after taking into use any specific tariff, except on payment of a charge to cover the costs of the change of the metering equipment. Such costs shall be determined by the engineer.

3. Bulk consumers.

(1) The Council reserves the right to connect consumers with an estimated load of more than 40 kVA as bulk consumers, either by means of low tension or high tension.

(2) The following charges shall be payable per month:—

(a) Bulk consumers connected to low tension:—

(i) A fixed charge of R20; plus

(ii) a maximum demand charge of—

(aa) R2 per kVA per month metered over a period of 30 minutes by means of a kVA meter; or

(bb) 46c per ampere per month metered by means of an ammeter; plus

(iii) per unit consumed: ¼c.

(b) Bulk consumers connected to high tension:—

(i) A fixed charge of R70; plus

(ii) a maximum demand charge of—

(aa) R1.50 per kVA per month metered over a period of 30 minutes by means of a kVA meter; or

(bb) 34½c per ampere per month metered by means of an ammeter; plus

(iii) per unit consumed: ½c.

(c) In the event of the maximum demand registered for bulk consumers in terms of paragraphs (a) and (b) for any 1 month being less than 70 per cent of the highest maximum demand registered during the preceding 12 months, the charge for such month shall be based on 70 per cent of the said highest maximum demand registered during the preceding 12 months.

#### 4. *Uitbreidingsheffing buite die munisipaliteit.*

'n Uitbreidingsheffing is van toepassing op alle persele wat buite die munisipaliteit maar binne die elektrisiteits-distribusiegebied van die Raad geleë is. Verbruikers in hierdie gebied betaal, benewens die toepaslike tarief ingevolge item 1, 2 of 3, na gelang van hul klassifikasie, ook 'n uitbreidingsheffing wat as volg bereken word:—

(1) R5 per maand per 1,000 jaart laagspanningstoevoeryn; of

(2) R7.50 per maand per 1,000 jaart hoogspanningstoevoeryn,

soos gemeet van die munisipale grens af langs die roete van die kraglyn tot by die verbruiker se aansluitingspunt: Met dien verstande dat hierdie gedeelte van die uitbreidingsheffing gedeel kan word deur 'n aantal landelike verbruikers wat deur dieselfde uitbreidingslyn of 'n gedeelte daarvan bedien word. Die ingenieur adviseer die Raad ten opsigte van 'n redelike en regverdige verdelingsbasis vir sodanige gesamentlike landelike verbruikers. Die beslissing van die Raad insake so 'n redelike en regverdige verdelingsbasis is die eindbeslissing.

#### 5. *Eweredige verdeling van maandelikse heffings.*

Indien die tydperk waarvoor 'n rekening gelewer is min of meer 'n maand beloop as gevolg van die datum waarop die verbruiker 'n kontrak met die Raad aangegaan het, of waarop hy so 'n kontrak beëindig het, of as gevolg van die feit dat die meteraflesingroetine basies verander het, stel die Raad die vaste maandelikse heffing en maksimum aanvraagheffing ten opsigte van so 'n tydperk waarvoor 'n rekening gelewer is, op 'n eweredige verdeling van die maandelikse heffings vas. Die stroomheffing vir eenhede verbruik word direk van die meteraflesing vasgestel.

#### 6. *Munisipale departemente.*

Elektrisiteitsverbruik, soos gemeet deur kWh meters vir alle eenhede verbruik na die vorige meteraflesing, word teen koste bereken.

#### 7. *Aansluitings.*

(1) Die Raad verskaf aansluitings tussen sy toevoerhoofleidings en die installasie op 'n verbruiker se perseel. Uitgenome waar huisvesting vir die Raad se transformatorstel ingevolge die verordeninge verskaf word, word gelde vir aansluitings ingevolge subitem (2) gevorder.

(2) Die gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansluiting word deur die ingenieur van die Raad bepaal en bedra die werklike koste van die materiaal en arbeid wat vir sodanige aansluiting gebruik word, plus 'n toeslag van 10% (tien persent) op sodanige bedrag.

(3) Alle materiaal en toerusting wat vir die doel van 'n elektriese aansluiting gebruik word, bly die eiendom van die Raad en word deur en op koste van die Raad in stand gehou.

#### 8. *Heraansluitings.*

(1) 'n Heffing van R3 is betaalbaar—

(a) deur 'n nuwe verbruiker vir die heraansluiting van 'n perseel wat voorheen aangesluit was; en

(b) vir die heraansluiting van 'n perseel wat op versoek van 'n verbruiker tydelik ontkoppel is: Met dien verstande dat sodanige ontkoppeling vir 'n tydperk van nie minder nie as 30 dae geskied.

(2) Vir die heraansluiting van 'n perseel wat op versoek van 'n verbruiker vir 'n tydperk van minder as 30 dae afgesluit is, is 'n heffing van R4 vooruitbetaalbaar.

(3) Vir die heraansluiting van enige perseel nadat die toevoer ingevolge artikel 15 (1) afgesluit is, is 'n heffing van R6 vooruitbetaalbaar.

#### 4. *Extension charge outside municipality.*

An extension charge shall be applicable to all premises situated outside the municipality but within the area of distribution of the Council. Consumers in this area shall, in addition to the appropriate tariff in terms of item 1, 2 or 3, according to their classification, pay an extension charge calculated as follows:—

(1) R5 per month per 1,000 yards low tension supply line; or

(2) R7.50 per month per 1,000 yards high tension supply line, as measured from the municipal boundary along the length of the line route to the consumer's connection: Provided that this portion of the extension charge may be shared by a number of rural consumers served by the same extension line or portion thereof. The engineer shall advise the Council on a reasonable and equitable share basis for such joint rural consumers. The decision of the Council in connection with such a reasonable equitable share basis shall be final.

#### 5. *Proportion of monthly charges.*

If the period for which an account is rendered is materially more or less than a month by reason of the date on which the consumer has entered into contract with the Council or on which he has terminated such a contract, or by reason of the fact that the meter-reading cycle has been altered materially, the Council shall adjust, on a proportional basis, the fixed monthly charge and the maximum demand charge in respect of such a period for which an account is rendered. The energy charge for units consumed shall be determined by meter readings direct.

#### 6. *Municipal departments.*

Electricity consumption, as metered by kWh meters for all units consumed after the previous meter reading, shall be calculated at cost.

#### 7. *Connections.*

(1) The Council shall provide connections between its supply mains and the installation on a consumer's premises. Except where accommodation is provided on the premises for the housing of the Council's transformer plant in terms of the by-laws, charges for connections shall be levied in terms of subitem (2).

(2) The charges payable in respect of any connection shall be fixed by the Council's engineer and shall amount to the actual cost of the material and labour used for such connection, plus a surcharge of 10% (ten per cent) of such amount.

(3) All material and equipment used for the purpose of an electrical connection shall remain the property of the Council and shall be maintained by and at the cost of the Council.

#### 8. *Reconnections.*

(1) A charge of R3 shall be payable—

(a) by a new consumer for the reconnection of premises which were previously connected; and

(b) for the reconnection of premises which have been disconnected temporarily at the request of a consumer: Provided that such disconnection shall be for a period of not less than 30 days.

(2) For the reconnection of premises which have been disconnected temporarily at the request of a consumer for a period of less than 30 days, a charge of R4 shall be payable in advance.

(3) For the reconnection of any premises after the supply has been cut off in terms of section 15 (1), a charge of R6 shall be payable in advance.

9. *Kragonderbrekings.*

Vir die ondersoek van 'n geen lig' of 'n geen krag' klagtes waar daar gevind word dat die onderbreking van die toevoer te wyte is aan 'n fout in die verbruiker se installasie of aan foutiewe werking van enige apparaat wat in verband daarmee gebruik word, is 'n bedrag van R3 betaalbaar vir elke sodanige ondersoek.

10. *Spesiale aflesing van die meter.*

(1) Verbruikers se meters word so na as moontlik met tussenpose van 1 maand afgelees. Waar 'n verbruiker die Raad versoek om sy meter te enige ander tyd as die gebruikelike datum af te lees, is 'n bedrag van R2 betaalbaar.

(2) Waar 'n verbruiker die aflesing van 'n meter betwis en versoek dat die meter herafgelees word, is 'n bedrag van R2 betaalbaar indien die heraflesing die oorspronklike aflesing as korrek bevestig.

11. *Toets van meters.*

Indien 'n verbruiker rede het om te vermoed dat 'n meter uit orde is of onjuis registreer, word die meter deur die Raad getoets na betaling deur die verbruiker van 'n bedrag van R2, en hierdie bedrag word terugbetaal indien daar gevind word dat die meter meer as 5% te vinnig of te stadig registreer. 'n Toelating of byvoeging, ingevolge artikel 32 (2), word gemaak aan die rekening ten opsigte van die laaste aflesing vir die maand waarin die meteraflesing vir die eerste keer deur die verbruiker skriftelik betwis is.

12. *Ondersoek en toets van installasies.*

(1) Die eerste ondersoek en toets van 'n nuwe installasie of byvoeging by 'n installasie geskied kosteloos.

(2) Vir die verdere inspeksie en toets van 'n installasie ingevolge artikel 8, is 'n bedrag van R2 vooruitbetaalbaar vir elke sodanige inspeksie en toets.

13. *Huur van meter.*

(1) Geen huurgeld word gevorder ten opsigte van 'n meter wat benodig word vir die meet van elektrisiteitsverbruik nie.

(2) Waar 'n bykomende meter deur 'n verbruiker benodig word vir sy eie gerief en sodanige meter deur die Raad verskaf word, word 'n huurgeld van 40c per maand per meter gevorder."

T.A.L.G. 5/36/53.

Administrateurskenningsgewing No. 303.

20 Maart 1968.

**MUNISIPALITEIT LOUIS TRICHARDT—WYSIGING VAN VERORDENINGE OP DIE LEWERING VAN ELEKTRISITEIT.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op die Lewering van Elektrisiteit van die Munisipaliteit Louis Trichardt, afgekondig by Administrateurskenningsgewing No. 1058 van 5 Desember 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur na item 10 van die Tarief van Gelde onder die Bylae die volgende by te voeg:—

“ 11. *Grootmaatverbruikers Buite die Munisipaliteit.*

(1) Die volgende gelde is betaalbaar deur 'n verbruiker waar verskillende soorte aanvraag deur middel van een

9. *Power failures.*

For the investigation of 'no light' or 'no power' complaints, where it is found that the failure of the supply is due to a fault in the consumer's installation or to the faulty working of any apparatus used in connection therewith, a charge of R3 shall be payable for each such investigation.

10. *Special reading of the meter.*

(1) Consumers' meters shall be read, as near as is reasonably possible at intervals of 1 month. Where a consumer requests the Council to read his meter at any time other than the usual date, an amount of R2 shall be payable.

(2) Where a consumer disputes the reading of a meter and requests that the meter be re-read, an amount of R2 shall be payable if such reading shows that the original reading was correct.

11. *Testing of meters.*

If a consumer has reason to suspect that a meter is out of order or is registering incorrectly, the meter shall be tested by the Council on payment by the consumer of an amount of R2, which shall be refunded if the meter is found to be registering more than 5 per cent fast or slow. An allowance or an addition in terms of section 32 (2) shall be made to the account in respect of the last reading for the month during which the meter reading was first disputed, in writing, by the consumer.

12. *Inspection and testing of installations.*

(1) The first inspection and test of a new installation or addition to an installation shall be made free of charge.

(2) For the further inspection and test of an installation in terms of section 8, an amount of R2 shall be payable in advance for every such inspection or test.

13. *Meter rental.*

(1) No rental shall be charged in respect of a meter required to measure the consumption of electricity.

(2) Where an additional meter is required by a consumer for his own convenience and such meter is provided by the Council, a rental of 40c per month per meter shall be payable.”

T.A.L.G. 5/36/53.

Administrator's Notice No. 303.

20 March 1968.

**LOUIS TRICHARDT MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Louis Trichardt Municipality, published under Administrator's Notice No. 1058, dated the 5th December 1951, as amended, are hereby further amended by the addition after item 10 of the Tariff of Charges under the Schedule of the following:—

“ 11. *Bulk Consumers Outside the Municipality.*

(1) The following charges shall be payable by a consumer where different types of demand is supplied through

voorsieningspunt met 'n geïnstalleerde transformator van meer as 25 kVA verskaf word:—

(a) 'n Maandelikse diensheffing per kVA van die geïnstalleerde transformator: 40c; plus

(b) per eenheid verbruik: 1c;

(c) minimum diensheffing per maand: R65.

(2) Waar meer as 1 verbruiker met verskillende soorte aanvraag deur middel van dieselfde transformator van elektrisiteit voorsien word, is die volgende gelde betaalbaar:—

(a) 'n Maandelikse diensheffing per kVA van 'n verbruiker se geïnstalleerde vrag: 75c; plus

(b) per eenheid verbruik: 1c;

(c) minimum diensheffing per maand, per verbruiker: R65.

(3) Die gelde betaalbaar ingevolge subitems (1) en (2) is onderworpe aan 'n toeslag van 20 (twintig persent) soos bepaal deur die Elektrisiteitsbeheerraad."

T.A.L.G. 5/36/20.

Administrateurskennisgewing No. 302.

20 Maart 1968.

Onderstaande Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer:—

N

## ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, deur verdere voorsiening te maak vir die hou van gewone vergaderings deur rade soos vervat in artikel 20; deur in artikel 59 verdere voorsiening te maak vir maatreëls ten opsigte van die ouditering van rekenings en rekords van rade; deur voorsiening te maak in artikel 62 dat 'n stadsklerk nie op proef aangestel word nie; deur artikel 63 te wysig om in die uitdrukking „op wettige gesag afgesonder en toegeëien” 'n verwysing na landbouhoewes of ander verdeling van grond in te sluit; deur sekere woorde in artikel 79 (24) (a) te skrap; deur voorstening te maak in artikel 83 vir die heffing van 'n basiese tarief vir elektrisiteit; deur verdere voorsiening te maak in artikel 84 met betrekking tot die inligting wat die kennisgewing daarin genoem, moet bevat; deur voorsiening te maak in artikel 123 vir die voorlegging van en goedkeuring deur die Administrateur van begrotings van gesondheidskomitees deur hom aangewys; deur die maksimum rentekoers in artikel 142 (2) tot 8 persent te verhoog; tot wysiging van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943; deur artikel 36 *ter* te herroep; tot wysiging van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, ten opsigte van die bepalinge betreffende die hou van gewone vergaderings deur 'n bestuurskomitee en die verslag deur genoemde komitee gedoen te word; en om vir aangeleenthede in verband daarmee voorsiening te maak.

## DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 17 van 1939, soos gewysig by artikel 1 van Ordonnansie 27 van 1951, artikel 1 van Ordonnansie 16 van 1955 en artikel 1 van Ordonnansie 21 van 1957.

1. Artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (hierna die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig deur in die woordomskrywing van die woord „straat” na die woord „dorp” die woorde „landbouhoewes of ander verdeling van grond” in te voeg.

one supply point with an installed transformer of more than 25 kVA:—

(a) A monthly service charge per kVA of the installed transformer: 40c; plus

(b) per unit consumed: 1c;

(c) minimum service charge per month: R65.

(2) Where more than 1 consumer with different types of demand is supplied with electricity from the same transformer, the following charges shall be payable:—

(a) A monthly service charge per kVA of a consumer's installed load: 75c; plus

(b) per unit consumed: 1c;

(c) minimum service charge per month, per consumer: R65.

(3) The charges payable in terms of subitems (1) and (2) shall be subject to a surcharge of 20 (twenty per cent) as fixed by the Electricity Control Board."

T.A.L.G. 5/36/20.

Administrator's Notice No. 302.

20 March 1968.

The following Draft Ordinance is published for general information:—

A

## DRAFT ORDINANCE

To amend the Local Government Ordinance, 1939, by making further provision in regard to the holding of ordinary meetings by councils as contained in section 20; by providing further in section 59 for measures in respect of the auditing of accounts and records of councils; by providing in section 62 that a town clerk shall not be appointed on probation; by amending section 63 so as to include within the expression "set apart and appropriated by proper authority" a reference to agricultural holdings or other division of land; by deleting certain words in section 79 (24) (a); by making provision in section 83 for the levying of a basic charge for electricity; by making further provision in section 84 in regard to the information to be included in the notice referred to therein; by providing in section 123 for the submission to and approval by the Administrator of estimates of health committees designated by him; by increasing the maximum rate of interest in section 142 (2) to 8 per centum; to amend the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943; by repealing section 36 *ter*; to amend the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, in respect of the provisions relating to the holding of ordinary meetings by a management committee and the reporting to be made by such committee; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

1. Section 2 of the Local Government Ordinance, 1939, (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended by the insertion in the definition of the word "street" after the word "township" of the words "agricultural holdings or other division of land".

Amendment of section 2 of Ordinance 17 of 1939, as amended by section 1 of Ordinance 27 of 1951, section 1 of Ordinance 16 of 1955 and section 1 of Ordinance 21 of 1957.

Wysiging van artikel 20 van Ordonnansie 17 van 1939, soos gewysig by artikel 28 van Ordonnansie 40 van 1960.

2. Artikel 20 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die raad hou 'n gewone vergadering vir die verrigting van sake so dikwels as wat nodig mag wees maar minstens een maal per maand ten opsigte van elf maande van 'n jaar gereken vanaf die eerste dag van Januarie.”

Wysiging van artikel 49 van Ordonnansie 17 van 1939 soos gewysig by artikel 4 van Ordonnansie 12 van 1941 en artikel 4 van Ordonnansie 24 van 1966.

3. Artikel 49 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die uitdrukking—

„Alle gelde verskuldig vir saniteitsdienste, gelde verskuldig as basiese koste vir water gehef ingevolge paragraaf (1) van artikel 81, en ander gelde verskuldig vir water waar waterriolering geïnstalleer is.”

deur die uitdrukking—

„Alle gelde verskuldig vir saniteitsdienste alle gelde verskuldig as basiese koste vir water gehef ingevolge artikel 81 (1), alle ander gelde verskuldig vir water waar waterriolering geïnstalleer is, en alle gelde verskuldig as basiese koste vir elektrisiteit gehef ingevolge artikel 83 (1).”

te vervang;

(b) deur in subartikel (2) die uitdrukking—

„As enige koste verskuldig ten opsigte van enige perseel vir saniteitsdienste en as basiese koste vir water gehef ingevolge paragraaf (1) van artikel 81, en ander koste verskuldig ten opsigte van enige perseel vir water waar waterriolering geïnstalleer is.”

deur die uitdrukking—

